HOOFSTUK VYF

MY PERSOONLIKE OUERSKAPWENKE

Die gesin behoort 'n nou-verweefde groep te wees. Die huis behoort 'n selfonderhoudende, veilige skuilplek te wees; 'n soort skool waar die lewe se basiese lesse geleer word; en 'n soort kerk waar God geëer word; 'n plek waar gesonde ontspanning en eenvoudige vreugdes geniet word.

– BILLY GRAHAM

As ek 'n gereedskapkissie sou hê met wenke om my kinders groot te maak, sou ek die volgende daarby insluit. Hierdie wenke was deur die jare vir ons as ouers van onskatbare waarde.

1. Ouerskap met 'n tregter-oogpunt[1]

Ouerskap kan soos 'n gedugte taak lyk. Toe ons kinders kleuters was, het ons gou ontdek dat wanneer ons vryhede toelaat wat hulle nog nie in staat was om te hanteer nie, ons sonder twyfel allerhande probleme sou ervaar.

Soos 'n kind groter word, is veral twee prosesse baie belangrik: biologiese of fisieke groei, en die verstandelike en geestelike leerproses. Hierdie fases kan nie afgejaag word nie. In die woorde van Gary Ezzo and Robert Bucknam in *On Becoming Childwise*: "Om 'n kind toe te laat om op 'n ordelike manier te vorder in sy nuwe, groterwordende wêreld, sal die leerproses beter laat verloop en die nodigheid vir teregwysing verminder."[2]

In een van my kleuters se geval was woedeuitbarstings dikwels die gevolg wanneer dit gegaan het oor sin kry of nie en nadat ek daaroor gedink het, het ek besef dat ek dit partykeer onbedoeld veroorsaak het.

My seun was amper 2 jaar oud en mal oor trekkers. Een dag terwyl ons deur 'n winkelsentrum stap, het ons by 'n speelgoedwinkel ingegaan sonder enige plan om 'n trekker te koop. Hy het een gesien en wou dit hê, en hy kon nie verstaan waarom ek dit nie vir hom wou koop nie. Tot my groot verleentheid het ek hom al skreeuend uit die winkel gedra. Daar het skielik vir my 'n lig opgegaan en ek het besef as ons nie na die winkel toe gegaan het nie, ons nie die woedeuitbarsting sou beleef het nie. Ek moes beter selfbeheersing toepas en meer konsekwent optree en ek het besef dat hierdie besluit sy optrede ook sou raak. Ek het hierdie beginsel op 'n paar gebiede begin toepas en 'n positiewe verandering in sy gedrag gesien.

Toe ons hierdie en 'n paar ander voorvalle bespreek het, het ek besef ons gee ons kinders vryheid en vertroue wat hul ouderdom se begrip te bowe gaan. Die resultaat was frustrasie en 'n mate van onsekerheid in hul lewens. Ons het besluit om ons kinders nie te veel verbale, fisieke en besluitnemingsvryhede toe te laat wat buite hul huidige vermoë is nie. Hierdie besluit het ons werklik baie gehelp deur die jare.

Ek en my man het toe besluit om iets wat ons "tregter-oogpunt-ouerskap" genoem het, te gebruik as een van ons hulpmiddels. Namate ons kinders groter geword het, het hul vryheid en ons vertroue in hulle gegroei. Dit het ons gehelp om 'n hele paar mynvelde te vermy, omdat ons nie ons woord moes verbreek nie. Noudat ons kinders tieners is, het ons vir hulle verduidelik dat vertroue soos 'n spantou is. Ons sal hulle meer en meer vryheid gee soos hulle ouer word, maar daarmee saam kom groter

verantwoordelikheid aan hul kant. Die Here se wysheid staan sentraal terwyl ons op hierdie manier kinders grootmaak.

Ons gee hulle meer en meer vryheid soos hulle ouer word. Ons dra ons norme doelbewus in hul lewens in deur openhartige en eerlike gesprekke oor moeilike onderwerpe. Openhartigheid, weerloosheid en vertroue is deel van die fondament van ons verhouding met hulle. Hierdie aspek bring vryheid na ons verhouding en daarmee saam, vreugde.

2. Konsekwentheid en gevolge

Konsekwente optrede lei tot konsekwente resultate. Dit verg egter selfdissipline en moeite om konsekwent te bly. Soos Aristoteles gesê het: "Ons is wat ons herhaaldelik doen. Uitnemendheid is dus nie 'n eenmalige daad nie, maar 'n gewoonte."

Ek en Neil is 'n paar jaar gelede uitgedaag om konsekwent 'n verenigde front aan ons kinders voor te hou. Dit was 'n moeilike uitdaging. Ek en my man het vele gesprekke agter toe deure gehad oor hoe ons ons kinders wou grootmaak. Ons het bespreek watter kwessies ononderhandelbaar was en watter kwessies nie so belangrik was nie.

Ons het die kinders van jongs af vertel dat ons een is, en as hulle een ouer sou probeer manipuleer, hulle die gevolge van daardie optrede sou dra. Ons het probeer om konsekwent op te tree wat ons dade en besluite betref en wanneer ons foute gemaak het, het ons mekaar en die kinders verskoning gevra.

My man is baie beter met konsekwent wees wanneer ons besluite neem. Ek sukkel regtig hiermee. Dalk is dit waarom die volgende Skriflesing vir my so betekenisvol is, omdat God altyd konsekwent is en Hy my help om so te bly: "As ek tog maar net op 'n vaste koers kan bly en my aan u voorskrifte kan hou!" (Ps. 119:5, 1983-vertaling).

As jy 'n enkelouer is, kry iemand met wie jy kan gesels, wat jou kan help om verantwoordbaar te bly en te hou by konsekwentheid en die toepas van gevolge in jou huis.

Vir meer inligting oor gevolge, verwys na hoofstuk ses (Dissipline).

3. Kies jou gevegte versigtig

As jy van alles ononderhandelbare kwessies gaan maak, sal jy nie die energie of die krag hê om jou man te staan wanneer dit kom by kwessies wat regtig saak maak nie.

My dogter, Emily, het altyd daarvan gehou om met haar hare te speel. Toe sy 4 jaar oud was, het sy besluit om haar lang hare, wat tot by haar middel gehang het, in 'n kort polkastyl met 'n kuif te sny. Die enigste stuk van haar hare wat gespaar gebly het, was die agterste middelste stuk, omdat sy dit nie kon bykom nie.

Toe ek ontdek wat gebeur het, moes ek in my mou lag oor die manier hoe hierdie energieke kind haarself uitgedruk het. Ek het ferm vir Emily gesê dat ek nie omgee wat sy met haar hare doen nie omdat dit weer groei, maar dat as sy dit wou sny, ek haar met graagte na 'n haarkapper sou neem. Dit was op daardie oomblik dat ek besef het dat hare nie 'n kwessie van lewe en dood was in ons gesin nie, en dat daar belangriker dinge was om ons oor te bekommer.

Ek het ook besef dat in die jare wat voorlê, Emily groter uitdagings in die gesig sou staar in terme van haar identiteit, dwelms, seks en haar waarde as vrou. Dit is waaroor ons sou veg, nie oor haar haarstyl nie.

Elke gesin moet besluit watter kwessies onveranderlik is, en die res laat gaan. Maak seker dat jy met wysheid kies.

4. Probeer om sover moontlik 'n "Ja"-ouer te wees

Sê "ja" vir soveel dinge as moontlik. Dink aan al die kere wat jou kinders na jou toe kom en hoe gou die woord "Nee" van jou tong afrol. Dit is baie makliker om nee te sê as om ja te sê. Dit is dikwels meer gerieflik vir ons en verg minder moeite om sonder om twee keer te dink nee te sê, veral as ons moeg is (wat dikwels gebeur as jy 'n ouer is).

Ek het myself dikwels uitgevang dat ek daardie soort ma is en dan hoor ek hoe die Heilige Gees vir my sê: "Maar hoekom nie?" Dit gebeur merendeels dat ek dan my kinders om verskoning vra en ja sê.

Ja sê vir koekiedeeg eet.

Ja sê vir speel in die reën.
Ja sê vir buite slaap onder die sterre.
Ja sê vir vol modder raak.
Ja sê vir leer om bollemakiesie te slaan tot in die swembad.
Ja sê om hulle te help om hul drome te bereik.
Ja sê om 'n musiekinstrument te bespeel.
Ja sê vir vriende wat wil kom kuier.
Ja sê vir middernagfeeste, om die hoogste boom te klim, om 'n gesinsavontuur te beplan en om eers nagereg te eet en dan die res van die kos.

Skep herinneringe saam met jou kinders en doen lawwe dinge saam met hulle. So sal hulle mense word saam met wie jy graag tyd deurbring.

5. Doen prettige dinge saam

Om 'n ouer te wees, is 'n saak van erns. Die lewe is vol onsekerhede, maar moenie toelaat dat dit jou van pret saam met jou kinders ontneem nie. Skok hulle deur hulle te geniet. 'n Paar jaar gelede het my seun 'n projek gedoen oor ons gesinsnorme en ons het ontdek dat om pret te hê een van ons waardes is.

Toe ek daaraan dink, het ek besef dat ek en my man by tye nogal intens kan raak. Daarom dink ek dat hierdie norm 'n nodige een was en steeds is. Om pret te hê verfris jou siel, bemoedig jou hart en laat jou glimlag.

Verras jou kinders met oomblikke van vreugde en feesviering. Kry 'n rede om die lewe te vier en bring baie tyd saam deur as gesin. Tyd is die ruilmiddel vir alle verhoudings: Ons kry almal 24 uur in 'n dag en ek word voortdurend uitgedaag om sterk in hierdie ruilmiddel te belê. As ons dit doen, is ek seker dat ek en jy in die jare wat kom die vrugte gaan pluk.

Die lys is eindeloos, maar om jou kreatiwiteit te prikkel, gee ek 'n paar voorbeelde van ons gesinservarings saam:

- Eet 'n maaltyd van agter af vorentoe, begin met nagereg (doen dit tuis of gaan van restaurant na restaurant vir die verskillende gange).

- Verras jou kinders met 'n spontane aktiwiteit.
- In ons huis is verjaarsdae belangrike dae. Op jou verjaarsdag kan jy vir ontbyt, middagete en aandete eet net wat jy wil (maar jy moet jou bestelling twee dae vooraf plaas).
- Dans spontaan saam.
- Gaan hou saam vakansie en geniet dit om saam te wees.
- Speel saam met jou kinders – jy is nooit te oud om deel te wees van jou kinders se speletjies en pret nie.
- Bou saam dinge.
- Sê vir hulle dat jy hulle op 'n spesifieke aand gaan uitneem en doen dan elke keer iets anders.

6. Onthou dat kinders wys kan wees

Kinders kan soms baie wyser wees as wat hul jare toelaat. As ons bid en die Here vra vir wysheid vir ons kinders,[3] is Hy getrou om ons gebede te beantwoord.

Ek het al baie mense hoor sê "kinders is maar net kinders" as verskoning vir hul optrede. Kinders word gekenmerk deur vreugde en onskuld en dit beïnvloed ook die manier hoe hulle die wêreld beskou, maar dit is nie 'n verskoning om nie van hulle te verwag om sonder 'n sekere mate van wysheid te leef nie. Ons kan ons kinders leer om wys te wees en te weet dat dit iets is wat God vir hulle gegee het. Salomo het gebid en vir wysheid gevra.[4] Tot op hierdie dag ken ons hom as een van die wysste mans wat ooit geleef het.

Waarom sal die Here nie vir ons kinders wysheid gee as ons dit van Hom vra nie? Spreuke 23:24 sê "'n wyse seun verskaf sy vader groot vreugde". Wat 'n vreugde om kinders te hê wat wys is.

Is dit nie ongelooflik nie? Toe ek hierdie vers die eerste keer gelees het, het dit my opgeval dat die skrywer die woord "seun" gebruik het en nie "wyse grootmense" nie. Ek glo hierdie vers al vandat my kinders kleuters was – dat hulle kon leef as wyse kinders. Ek het nooit van hulle verwag om soos 'n 15-jarige op te tree toe hulle net 3 jaar oud was nie,

maar ek het verwag dat hulle 'n vlak van wysheid vertoon wat gepas is vir 'n 3-jarige. Ek het nie opgehou om te bid vir wysheid vir my kinders nie en ek het hulle geleer wat die Skrif sê oor wysheid.

'n Kind kan met wysheid optree sonder om eers te weet dat hulle gedrag wys is. Deur ons gebede, opleiding en liefde kan ons hulle op dié manier ophef. Jakobus 1:5 gee ons die opdrag: "As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt."

7. Dissiplineer die gedrag, nie jou kind nie

Tref onderskeid tussen jou kinders en wat hulle doen. Moet nooit dinge sê soos: "Jy is niks werd nie", "Jy is onnosel; waarom doen jy dit altyd?" of "Jy so kinderagtig" nie.

Baie volwassenes loop nog steeds "gewond" rond as gevolg van woorde wat as kinders vir hulle gesê is. Daar is 'n verskil tussen die dissiplinering van jou kind en die afbreek van hul eiewaarde. Dit is deurslaggewend dat ons leer om te onderskei tussen wat 'n kind *doen* en wie hulle *is*. Jou woorde het die mag om 'n kind se lewe te vorm en vir jare daarna 'n invloed op hulle te hê.

Ons mikpunt was om te verseker dat ons kinders weet hulle is geliefd, selfs wanneer ons hulle dissiplineer. Dit verg baie tyd en moeite.

Ons is bedraad vir verhoudings en kinders is geen uitsondering nie. Hulle vind dit baie moeilik as 'n verhouding verbreek word of as daar spanning is. Om 'n ouer te wees vereis moed en uithouvermoë, so laat jou ja jou ja wees en jou nee jou nee.[5]

Dissiplineer dwaasheid, nie kinderlikheid nie. Jou kinders is nie mini-grootmensies nie. Ek onthou toe my kinders jonger was en een van hulle per ongeluk 'n glas melk op die kombuisvloer laat val het. My vloer was oombliklik versier met gebreekte glas gemeng met koue melk. Op daardie oomblik moes ek kies: Raas ek met my kind of herinner ek hulle sagkens om versigtiger te wees?

Ek spreek my kinders soms aan vir simpel, kinderlike foute, met die

gevolg dat hulle ineenkrimp of begin huil. Toe ek eers besef het wat ek doen en watter langtermyngevolge dit kon hê, het ek daaroor gedink en gebid. Die volgende keer toe hulle 'n kinderlike fout maak, het ek met meer liefdevolle, versigtige woorde en aanvaarding gereageer. Deur dit te doen, het ek hulle geleer dat dit in die haak is om foute te maak en dat liefde nie voorwaardelik is nie. Ek het al baie gesprekke met hulle gevoer oor hierdie onderwerp. Ek dissiplineer nie kinderlike foute nie, maar ek sal wel doelbewuste dwaasheid en opstandigheid dissiplineer.

OUERSKAP IN DIE REGTE LEWE

Kinders met AGHS is sensitief en moet sagkens hanteer word. Ek probeer om Christus te verteenwoordig teenoor my kinders en dissiplineer hulle ooreenkomstig. Wanneer hulle 'n kinderlike fout maak soos om lomp te wees of 'n nat handdoek op die vloer te laat lê, en ek sou sê: "Gebruik jou verstand," maak dit hul harte seer.

Ek het besef dat ek versigtig moet wees met wat ek sê. Ek het hulle gewoonlik gedissiplineer wanneer hulle 'n dom fout maak soos om die seep in die water te los. Ek het altyd kop verloor oor die klein dingetjies en ek leer om meer ontspanne te wees. Ek leer wat belangrik is en ek leer om die werklike kwessies te dissiplineer.

– Suid-Afrikaanse ma van twee kinders, albei met AGHS

8. Liefde, liefde en nog liefde

Ek het gehoor iemand sê die teenoorgestelde van liefde is nie haat nie, maar apatie. Baie mense word groot in huise waar apatie heers en liefde afwesig is. Ons weet dat kinders floreer daarop om liefde te gee en te ontvang. Liefde laat ons glimlag, gee ons moed en verenig 'n gesin.

Ons het vriende wat vier kinderhuise bedryf en hulle het ons vele stories vertel van die genesende uitwerking van liefde. Hierdie babas en

kinders wat verwerping, trouma en geweld ervaar het, is genees deur oorvloedige liefde. 'n Mens hoef maar net in daardie weeskinders se oë te kyk nadat hulle 'n paar maande in hierdie paartjie se huise deurgebring het om die uitwerking van liefde, aanvaarding te sien. Dit is ongelooflik wonderlik.

Kinders voel ook veilig en geliefd wanneer hulle sien dat jy jou huweliksmaat liefhet. Ek het al opgelet hoe ons kinders glimlag wanneer hulle ons in 'n omhelsing sien of ons mekaar (in hul teenwoordigheid) vertel hoe lief ons mekaar het.

OUERSKAP IN DIE REGTE LEWE

As ek kon teruggaan en alles weer oordoen, is daar soveel wat ek anders sou doen. Die eerste ding wat ek sou doen, is om werklik gefokus te wees op my en my man se verhouding. Ek sou moeite doen om die liefde en verbintenis tussen ons te onderhou en te voed. Dit kom eerste en bly lank nadat die kinders al uit die huis is.

– Amerikaanse ma van vier volwasse kinders

Elke kind is uniek en geen twee kinders kan op dieselfde manier liefgehê word nie. Ons het moeite gedoen om te bepaal wat ons kinders laat sprankel. Vir ons seun is een-tot-een gehaltetyd belangrik en dit maak hom gelukkig as ons iets saam met hom doen. Met ons dogter sorg ons vir ekstra fisieke toegeneentheid en doelbewuste tyd saam om haar liefdestenkie vol te hou.

Ons gesin het ooreengekom op 'n spesiale drukkie met die hand sodat ons enige tyd in 'n openbare plek vir mekaar kan sê dat ons mekaar liefhet deur so aan mekaar te raak. Vir 'n buitestaander lyk dit soos net 'n drukkie aan die arm of die skouer, maar dit beteken baie, baie meer.

9. Maak van jou huis 'n veilige hawe

Die gesinslewe en jou huis is ontwerp om kinders te voorsien van 'n omgewing waarin hulle kan groei tot volwassenheid teen hul natuurlike ontwikkelingspas.[6] Dit behoort vir hulle 'n veilige plek te wees, maar dit gebeur nie vanself nie. Ons moet doelbewus van ons huis 'n tuiste maak. Om ons kinders geleentheid te gee om teen hul eie pas te ontwikkel, moet ons 'n veilige omgewing skep te midde van die onrus wat met kinderjare en jong volwassenheid gepaardgaan. 'n Hawe kan gedefinieer word as 'n plek van veiligheid of skuiling. Oor die jare het ek doelbewus probeer om hierdie aspek deel te maak ons huis. Ons huis is die plek waar ons kinders kan kom rus, waarheen hulle hul vriende kan bring en kan weet dit is veilig.

Die wêreld kan 'n rowwe, wrede plek wees en ons kinders het meer as ooit 'n veilige plek nodig om heen te kom en skuiling te vind. As ouer kan jy maklik 'n hawe skep deur doelbewus te dink wat dit vir jou gesin beteken en deur 'n paar weldeurdagte grense en reëls toe te pas.

Jy het nie sakke vol geld nodig om 'n hawe te skep nie, net 'n paar weldeurdagte planne. Selfs al is jy 'n ouer wat voltyds werk, kan jy steeds 'n hawe skep. Praat met jou kinders oor grense en hou by jou besluite.

In ons huis probeer ek sorg dat daar altyd vir hulle gesonde kos beskikbaar is. As gesin hou ons van kos en ek en my kinders bak dikwels saam koekies.

Ons stel grense vir die gebruik van internet en sosiale media. Nie een van ons mag byvoorbeeld saans tussen 18:00 en 20:00 enige elektroniese toestel gebruik nie. Dit is die tyd wanneer ons saam eet, hoor wat deur die dag gebeur het en ons harte met mekaar deel. Dit is nie altyd maklik om te doen nie en ons kry dit nie altyd reg nie, maar as ons dit nie gedoen kry nie, is dit ons kinders wat ons daaroor aanspreek. Wanneer vriende kom kuier, geld dieselfde reëls. Ek het al selfone afgeneem en kinders buitentoe gestuur om te gaan speel. Kinders en tieners het 'n onuitputlike bron van energie. Hulle het nodig om baie te beweeg. In ons huis moedig ons dikwels ons kinders aan om 'n bal te

gaan skop, te swem, boom te klim – solank hulle beweeg. Ons het probeer om ruimte en geleentheid daarvoor te skep.

Ons kinders weet dat hulle oor enigiets met ons kan gesels en ons het dikwels goeie gesprekke in die kombuis terwyl ons saam kosmaak. Een van ons rolle as ouer is om ons kinders op te pas en te beskerm. Ons neem die beskerming van ons kinders se lewens ernstig op, nie net fisiek nie maar ook emosioneel, verstandelik en geestelik.

Maak tyd om oor jou huis te bid. Bid vir elke vertrek se doel en oor wat in jou huis gebeur. Bid vir God se seën oor jou eiendom, vir sy vrede en teenwoordigheid in jou huis. Ons het al menige mense gehad wat 'n vredevolle atmosfeer in ons huis waargeneem het. Ons weet dit is die Here se teenwoordigheid en ons aanvaar dit nie as vanselfsprekend nie.

Ons huis is ons hawe. Nie net vir ons kinders nie, maar vir onsself, ons gesin en vir vriende wat gereeld na ons huis toe kom.

10. Onvoorwaardelike liefde en aanvaarding

Baie mense word groot met die idee dat liefde gebaseer is op prestasie. Hierdie denkpatroon vorm en beïnvloed gedrag op 'n betekenisvolle wyse. Ek het dit ook geglo, maar een dag het die Here my gewys dat bykans my hele lewe op 'n vals oortuiging gegrond was. Hy het my gewys hoe kosbaar ek is, wie ek is en dat ek in Christus volledig is.

Toe ek 'n ma geword het, het ek gou besef dat daar niks was wat Matt of Emily kon doen om my liefde te verdien nie, dat ek gekies het om hulle onvoorwaardelik lief te hê. Ek het ook besef dat ek kon kies om hulle onvoorwaardelik te aanvaar en dat hul waarde lê in die feit dat hulle my kinders was, in niks meer en niks minder nie. Daar was tye dat ek nie veel van hulle gehou het nie, maar my onvoorwaardelike liefde vir hulle en aanvaarding van wie hulle is, het nooit gewankel nie.

Soos hulle ouer geword het, het ek 'n paar speletjies met hulle gespeel om hierdie norm diep in hul harte te vestig. Toe Matt ongeveer 11 jaar oud was het ons van die huis af skool toe gery en ek het besluit om 'n klip in die bos te gooi. Ek het vrae gevra om sy wêreldbeskouing

oor liefde en onvoorwaardelike aanvaarding uit te daag. Dit is hoe ons gesprek verloop het:

Ek: Haai, Matt, dink jy ek sal liewer wees vir jou as jy vir die eerste rugbyspan gekies word?

Matt ('n bietjie agterdogtig): Um, ek weet nie, Ma. Dalk tog?

Ek: O, en as jy die wiskundetoets dop, sal ek jou minder liefhê?

Matt (nou beslis agterdogtig oor waarheen die gesprek op pad was): Ek is nie seker nie . . . dalk?

Ek: Wat dink jy, Matt? Sê vir my.

Matt: Nee?

Ek: Jy is reg. Daar is niks wat jy kan doen of nie doen nie wat sal verander hoe lief ek en Pa vir jou is en hoe aanvaarbaar jy vir ons is nie. Ons wil hê jy moet floreer en alles wees wat jy kan wees, maar ons liefde vir jou sal nooit verander nie.

Ek het oor die jare soortgelyke gesprekke gehad met my seun en dogter, en dikwels skokkende of vreemde stellings gemaak wanneer hulle dit die minste verwag het. Partykeer was dit voor 'n groot sportwedstryd of eksamen, ná 'n dag op skool of voor slaaptyd. Teen hierdie tyd weet hulle diep in hul harte dat ons hulle aanvaar en liefhet. Dit beteken nie dat ons nalaat om hulle te dissiplineer wanneer dit nodig is nie, maar hulle optrede maak nie dat ons hulle minder of meer liefhet nie.

Wanneer ons kinders weet dat hulle geliefd is en onvoorwaardelik aanvaar word, stel dit hulle oop vir sukses in die lewe. Dit maak hulle gereed om te vlieg omdat hul harte veilig is en hulle seker voel!

Persoonlike en gesinsoordenking

1. Op watter gebiede laat jy jou kinders vryhede toe wat hul ouderdom te bowe gaan? Dink aan fisieke, verbale en besluitnemingsvryhede wanneer jy die vraag beantwoord.

2. Moes jy strenger optree tuis en het dit tot konflik gelei? Hoe het jy dit hanteer en wat sou jy dieselfde of anders wou doen?

3. Skryf drie ononderhandelbare kwessies neer waarvoor julle as gesin sal veg.

4. Waarvoor kan jy meer dikwels ja sê?

5. Speel met jou kinders die speletjie waar hulle moet bevestig wat jou meer of minder lief sal maak vir hulle. Wees skelm en slaan 'n ses tot in hul harte.

6. Het jy al ooit oor jou huis gebid? Indien nie, maak tyd om in elke kamer in te gaan en dit te seën.

7. Watter grense het jy gestel om jou kinders te beskerm (in wat hulle sien, hoor en ervaar)?

8. Kies twee hoogtepunte vir jou in hierdie hoofstuk en dink watter veranderings jy kan maak in die manier hoe jy jou kinders grootmaak.

SKRIFGEDEELTES OM TE LEES EN TE BESPREEK

Mag my optrede voortdurend weerspieël dat ek u voorskrifte wil nakom.

– Psalm 119:5

Leer 'n jongmens om die regte pad te kies, en wanneer hy eendag oud is, sal hy nie daarvan afwyk nie.

– Spreuke 22:6

'n Pa van 'n kind wat reg doen, het rede vir blydskap. 'n Wyse kind verskaf sy ouers groot vreugde.

– Spreuke 23:24

En pa's, moenie julle kinders so behandel dat hulle verbitterd word nie, maar voed hulle op met dissipline en teregwysing wat die Here se goedkeuring wegdra.

– Efesiërs 6:4

Wees waaksaam, staan vas in die geloof, wees manmoedig, wees sterk! Laat alles by julle in liefde geskied.

– 1 Korintiërs 16:13–14, 1983-vertaling